# Waterkruik

JAARGANG 65 NO 30 26 Julie 2026


Jy kan deur middel van die volgende skakels aan die erediens deelneem deur net op die skakel te druk.-
**Video** YouTube – https://www.youtube.com/channel/UCsk9SpwFCDutnUSNt5qh05g
Facebook - https://m.facebook.com/Gereformeerde-Kerk-Waterkloofrand-108148367442176/
**Oudio** Kerkdienstgemist – https://kerkdienstgemist.nl/stations/559-Gereformeerde-Kerk-WaterkloofranPretoriaGereformeerde Kerk Waterkloofrand https://www.gkwaterkloofrand.org.za/?page_id=1

## EREDIENSTE VANDAG

Die oggenderediens word gelei deur dr. Henk Stoker, emeritus predikant, wat ook tydens die erediens sy kleindogter sal doop.

Ons heet jou en Elsa hartlik welkom. .

Ds. Lourens du Plessis sal die aanderediens lei.

*Ons bid julle die seën van die Here toe op die verkondiging van die Woord*

## KOLLEKTES

***Tydens die erediens:*** Diakonie

***By die deure:*** Kerkkas

## DIENSBEURTE

**Sondag 26 Julie**
**Oggend: Wyke 5 & 6**
*Oudle.* Neels Kloppers
Jan-Jurgens v d Walt
*Diakens:* Francois de Kock
Herman Bonnet
Herman van Heerden
Hanno Steenkamp



**Aand: Wyke 7 & 8**
*Oudle:* Andries de Kock
Jantus van der Linden
*Diakens:* Christiaan Oosthuizen
Riaan Reinecke

## KATKISASIE

Die Katkisasie heropen vandag na die oggenderediens en Maandag vir die Hoërskoolleerders op die gewone tye.

## BYBELSTUDIE: Naskooljeug

Die naskooljeug (18 – 30) se Bybelstudie begin volgende Sondag na die aanderediens

## PROGRAM VIR DIE WEEK

**Maandag: Katkisasie (Pastorie)**
Graad 8: 17:15-18:00
Graad 11:18:00-18:45
Graad 9&10: 19:15-20:00

**Donderdag:**
09:30 Bybelstudie – Konsistorie

## TEESKINKBEURTE

Die susters van wyke 10 en 14 olv *Mia Geringer en Marjan van der Walt* nooi u hartlik uit om na die erediens te kom skink, drink en kuier.

## VERJAARSDAE

Ons wens die volgende broeders, susters en kinders van harte geluk met hulle verjaarsdae. Ons bede is dat die nuwe lewensjaar vir julle en julle geliefdes vreugde en ryke seën sal inhou.

*"Mag barmhartigheid, vrede en liefde in oorvloed aan julle geskenk word."*
*Judas: 2*

*Sondag 26 Julie*

| | |
|---|---|
| Hendrik Coetzee | 082 559 6997 |
| Trina du Plessis | 082 322 5343 |
| Kobus van der Walt | 082 920 1522 |

*Maandag 27 Julie*

| | |
|---|---|
| En Kuyper 86 | 082 874 3878 |

*Dinsdag 28 Julie*

| | |
|---|---|
| Cecilia Kumm | 083 492 8227 |

*Donderdag 30 Julie*

| | |
|---|---|
| Wilco Buys | 062 287 6045 |
| Bjorn Lemmer (1) | 060 805 4266 |
| Marjan van der Walt | 083 415 4179 |
| Nadine van Staden | 072 612 0076 |
| Anneke Vermaak | 082 823 6609 |

*Vrydag 31 Julie*

| | |
|---|---|
| An Venter | 079 679 0002 |

*Saterdag 1 Augustus*

| | |
|---|---|
| Skarlet van der Walt (9) | 082 955 5368 |

Ons het hierdie komende week nie minder nie as 3 lidmate wat hulle 80ste verjaardag vier.

*Brs. Hendrik Coetzee en Kobus van der Walt* vier vandag (Sondag) hulle 80ste verjaarsdag, br. *En Kuyper* vier Maandag sy 86ste verjaarsdag, sr. An Venter vier Vrydag haar 80ste verjaarsdag.

*Hartlik geluk. Ons bid julle elkeen die Here se rykste seën toe. Mag julle elke dag bewus wees van God se liefde en genade wat vir ons genoeg is. Ons wens julle 'n mooi dag toe saam met julle geliefdes.*



*"Ek wil U met my hele hart loof.*
*Laat die gode maar hoor;*
*dit is tot u eer dat ek sing.*
*2Ek wil na u heilige tempel toe buig*
*en u Naam roem om u liefde en trou,*
*want U het u Naam en u woord bo alles gestel."* *Psalm 138:1 & 2*

## MEELEWING

Hartlik geluk aan *Jacques 073 245 8307 en Alize 082 553 0192 Tredoux* met die geboorte van nog 'n verbondskindjie, Morné, wat hulle Woensdag van die Here ontvang het. 'n Geskenk uit God se hand. Mag die Here hom ryklik seën en mag hy vir julle, sy boetie, *klein Jacques* en vir almal tot seën en vreugde wees. Ook hartlik geluk aan *Theuns 083 458 9642 en*

*Susan 082 568 0706 Tredoux,* grootouers van klein Morné. Mag julle baie plesier van hom ontvang.

Vanoggend beleef ons die vreugde van twee verbondskindetjies wat gedoop word, *Henri*, die seuntjie *van Juan 084 098 9008 en Jonél 074 387 8888 Viviers* en *Elsa,* dogtertjie van *Tiaan 082 824 7297 en Arina 084 404 1100 Esterhuizen.*

*Hartlik geluk. Mag die God van wordende geslagte aan julle die wysheid, insig en genade verleen om die kindertjies in Sy verbond op te voed. Ook geluk aan hulle grootouers en familie. Mag die kindertjies julle baie vreugde verskaf.*

Hartlik geluk aan *Vredene du Plessis* wat 'n agterkleinseun ryker geword het. Mag jy ook vreugde van hom ervaar, al woon hy in Australië. 072 219 4021

*Jan Trollip* 084 999 0207 het Woensdag 'n geslaagde operasie aan sy voet ondergaan en sterk tuis aan. Ons bid jou spoedige en volkome beterskap toe. Ons dink ook aan *Marcelle, 084 608 2624* wat jou so mooi versorg. Mag jy spoedig weer op die been wees.

Ons is saam met *Ester +27823762236 en De Wet 082 301 1035 Boshoff* dankbaar teenoor ons Hemelse Vader dat die chemo wat sy op die oomblik ontvang, goeie resultate lewer. Daar lê egter nog heelwat behandeling voor. Ons bede is dat die Here die behandeling verder sal seën.

Met skok en hartseer maak ons bekend dat *Sunet Smith* (56) Dinsdagnag skielik oorlede is, vermoedelik agv 'n bloedklont. Ons harte gaan uit na *Johan* 082 552 1186 en hulle kinders, *Hanré, Jano* 074 646 1123 en *Adéle* 083 557 3370 wat hulle geliefde vrou en moeder verloor het. Mag God julle vashou in die holte van sy Vaderhand en julle vertroos en versterk in hierdie hartseer tyd. Die begrafnis sal in Krugersdorp gehou word.



*Die Here sal jou beskerm*
*teen elke onheil;*
*Hy sal jou lewe beskerm.*
*8Die Here sal jou uitgaan*
*en jou terugkeer beskerm*
*van nou af en vir altyd. Ps 121:7&8*

**VANDAG SE WYKSBRAAI**

Die wykskuier vir wyke 6, 24, 25 en 26 wat vandag (Sondag) plaasvind, vind by die pastorie plaas en nie op die kerkterrein nie. Duikerlaan 52, Monumentpark.









**Bespreek by Nienke 083 398 9080**

## GEMEENTEFEES

*Die gemeente word hartlik uitgenooi na 'n feestige 'Rondomdiewêreld in Een Gemeente' fees.*
*Daar kan uitgesien word na 'n heerlike kuier rondom die wêreld met kos, dekor en pret van ses verskillende lande.*
*Na 'n heerlike gesmul volg ons 'gawe- veiling' asook 'n "wit-olifant" tafel.*
*Die fees word gehou ten bate van Gereformeerde Kerk Eersterust om die Woordbediening in stand te hou.*

## GOD KEN SY KIND

*Romeine3:1-20* God se goeie nuus is meer as strelende mooitaalwoorde. Sy goeie nuus is evangelie en daarom in 'n sekere sin ook slegte nuus. Dit is 'n boodskap wat sê dat die Here elke mens volledig ken. Daarom staan in vers 12: "Almal het die spoor byster geraak. Hulle het in sonde verval. Daar is niemand wat goed doen nie, selfs nie 'n enkele een nie." Voorwaar slegte nuus!

Jy kyk na 'n somber prentjie van menswees, van jouself. Vanweë jou menswees is dit moeilik om dit te aanvaar. Is dit regtig so erg? In verse 10-18 beskryf Paulus 'n gedetailleerde beeld van die sondige mens – is dit regtig ek? Is my keel soos 'n oop



deur na die doderyk toe? Is my tong vol bedrog? Is my lippe vol van die dodelikste gif? Laat ek 'n spoor van vernietiging en ellende agter my? Lees dié klagstaat teen jou en dink na oor die getuienis wat so verdoemend is.

Om die nuus oor jou te aanvaar, is moeilik. Verder verneem jy dat die groot Regter net één uitspraak kan lewer: Ek vind jou skuldig! In jou mense-oor en -hart klink dit na slegte nuus. Tog het God se nuus oor jou 'n baie goeie doel. Dit is 'n boodskap wat jou wil laat besef dat jou verhouding met God skeefgeloop het – totaal en al ontspoor het. Eintlik is dit goeie nuus, want as jy besef dat niemand in eie krag regverdig is nie, kom jy ook tot die belydenis dat 'n mens volkome van God se genade afhanklik is. Uit genade besef jy hoe wankelmoedig jou trotse eiewaan is, hoe klein jy is, hoe swak. In wese is jy ellendig en sondig, stukkend en skuldig.

Die goeie nuus duur voort: God ken jou. So is die slegte nuus dat jy volkome skuldig is, in werklikheid goeie nuus – 'n blye boodskap! Die evangelie is juis bedoel vir mense met verslae harte; vir jou wat berouvol om vergifnis smeek. Jy sal ontdek dat die heilige God ook die barmhartige God is, die Vader van Jesus Christus, jou Verlosser. Hy vergewe en Hy heel gebrokenes van hart.

*Dr. PH Heystek (Pieter) (Pretoria-Montanapoort)*

## SNIPPERS

## WESSKAMP

n Wegbreek- en groeigeleentheid vir jongwerkendes en senior studente.
Datum: 7-10 Augustus 2026
Koste: R 1 500pp (Sluit verblyf en etes in)
Plek: Bergventure (Sentrale Drakensberg) http://www.bergventure.co.za
'n Wegbreek geleentheid in die Drakensberg vir Werkende Wesens en Senior Studente…

Kom vat 'n tydjie af in die asemrowende berge om te herlaai vir die laaste deel van die jaar. Ons doen saam Bybelstudie, bid saam en het BAIE af tyd om die berge en die lekker plekke te verken.
'n Rustige naweek van rus, groei en vriende maak. Moet die nie mis nie. Volg die skakel om in te skryf:
https://forms.gle/w38bcczgoy1yeVGA7

## KONSERT – RIANA NEL

Wapadrant-gemeente bied 'n konsert met Riana Nel aan op Vrydag 31 Julie 2026 18:30 in die Wapadrant Kerkgebou; Sunriseweg 51, Olympus
Kaartjies R250 volwassenes R150 Hs kinders R50 Ls kinders
Meer besonderhede 012 991 1395

## FUNKSIONARISSE VAN DIE GEMEENTE EN ANDER INLIGTING

**PREDIKANT**
Ds. Jan-Louis Lee
071 640 6013

**SKRIBA**
Henning Noëth
078 770 7519

**PASTORALE HULPWERKER SENIORS**
Ds. Lourens du Plessis 083 259 9551

**VOORS DIAK**
Phillip Fourie
072 295 5606

**OUDL. SKRIBA**
Péter Wassenaar
082 920 4474

**ORRELIS**
Hanlie Bekker
066 235 1202

**SONDAGKOSTER**
Riaan Reinecke
079 903 3930

**WEEKKOSTER**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOOR**
Nienke van der Walt 083 398 9080

**KANTOORURE by die kantoor**
Donderdag en Vrydag: 9 – 12vm.
U kan egter enige tyd 083 398 9080 skakel.

**EREDIENSTYE**
Oggend: 09:00
Aand: 17:30

**BANKBESONDERHEDE**
**Kerk**
Gereformeerde Kerk Waterkloofrand
ABSA: Rek no. 000 340 685

**Diakens**
ABSA: Diakonie Spaar Rek.
No. 9139785681

**<u>PARKERING</u>**

Veilige parkering is ook beskikbaar tydens oggenderedienste op die terrein van die Laerskool Anton van Wouw, h/v Lange- en Deystraat

**e-pos kerk**: admin@gkwaterk.co.za
**webwerf**: www.gkwaterkloofrand.org.za

**DIAKENS**
Snap here to pay
SnapScan

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**KERKKAS**
Snap here to pay
SnapScan